Horse Dynamics cc 2006/203430/23
"Bringing therapeutic horse riding to your school"

Riding school
Plot 13, c/o Arthur Street and Graham Road, Zwavelpoort, 0081
Administration
13 The Willows Lofts, 6 Bee Bee Str. Die Wilgers, 0041
PO Box 71610, Die Wilgers, 0041

Office: +27(0)12.809.1774
Fax: 086.655.3608
Mobile: +27(0)82.795.3267 (Madeleen)
e-mail: info@horsedynamics.co.za
web: www.horsedynamics.co.za

Horse Dynamics bied aan

"Kiddy-Up" – Poniekamp '08-'09

1. Die **Horse Dynamics** span bestaan uit 'n equi-terapeut, ry-instrukteur, leiers...en natuurlik ons geliefde perde. Ons verwelkom vir Theresa Odendaal wat in die komende jaar betrokke gaan wees by privaat rylesse vir kinders, tieners en volwassenes. Ons glo dat perdry betekenisvol is vir elkeen, of dit vir terapie, plesier, of kompeterend is.

2. "Kiddy-Up"– ponie kamp akkommodeer kinders tussen die ouderdom van 4 – 13 jaar. Deelname hieraan bied die geleentheid om perdrykennis te verbreed, ruiterskap vaardighede op te skerp, sosialisering in 'n positiewe omgewing en goeie waardes te kweek. **Vorige perdry ondervinding is nie 'n voorvereiste nie**. Aktiwiteite sluit in daaglikse perderitte / lesse, demonstrasies, videos en tonne pret en plesier. Ander aktiwiteite soos boeresport, watersport, kuns en (o nee!) staltake vorm alles deel van die perde-kamp. U kind se veiligheid en genot is ons absolute prioriteit.

   Dit is 'n bekostigbare, positiewe blootstelling om uit te vind of jou kind perdry as 'n stokperdtjie / sport wil beoefen en of hul die versorging en takies kan hanteer wat deel uitmaak van die totale perdryondervinding. Steek die Xbox, Wii, Playstation, Barbie & Kent weg en gee hul sonskyn en vars lug in oorvloed te kry op 'n 8 hektaar plot, 2.7 km van Silver Lakes!

3. Datums beskikbaar: gedurende die week vanaf **Maandag 8 Desember tot Donderdag 11 Desember** en die week vanaf **Maandag 5 Januarie tot Donderdag 8 Januarie**.

   Ouers bring asseblief jou kind tussen 08:00 en 09:00 elke dag en probeer om hul nie voor 15h00 te kom afhaal nie. Bekendstelling aan die instrukteurs en leiers wat na ruiters omsien is noodsaaklik.

4. Registrasie is noodsaaklik om jou deelname aan "Kiddy-Up"–ponie kamp te verseker. Daar is slegs 'n beperkte hoeveelheid getalle beskikbaar.

5. Wat om te bring?
   - Perdryaktiwiteite vereis 'n langbroek, boots of ander toe-skoene met 'n effense hak (skoolskoene is perfek) en 'n perdry / fietsry helmet (of leen een by ons–laat weet ons asseblief indien u een benodig).
   - Vir nie-perdryaktiwiteite pak 'n paar gemaklike stapskoene en klere vir weersomstandighede. Onthou dit is buitelugaktiwiteite, so klere moet maar mag vuil word! Tyd om te verklee sal deel uitmaak van hul roetine.
   - Drie ligte maaltye sal voorsien word. Indien jou kind enige spesiale dieetvereistes het, verskaf asb sy eie kos.
   - Pak asseblief sonroom en hoede vir sonbeskerming.

6. Kostes
   - R 200-00 per dag / R 500-00 vir 3 dae / R 600-00 vir die volle 4 dae sluit alle aktiwiteite, maaltye en peuselhappies in!
   - 10% afslag vir ouers met twee of meer kinders.